

## Hebreërs: 'n Inleiding en Oorsig (OP71)

Heb 6:13-20

9 Januarie 2022

Ek wil graag vandag begin met 'n reeks preke uit die boek Hebreërs. Hoekom juis die boek Hebreërs? Die van julle wat na vorige preke geluister het, sal onthou dat ons 'n wyle gelede na Openbaring gekyk het. In Openbaring word gelowiges bemoedig vir die stryd waaraan hulle blootgestel is tydens hulle lewens hier op aarde, en hulle word vertel van die heerlikheid wat op hulle wag. Na ons met Openbaring klaar gemaak het, het ons na Numeri gekyk – want Numeri beskryf vir ons die woestyntog van die volk Israel op pad na die beloofde land. Hierdie woestyntog is die Ou Testamentiese ekwivalent van die gelowige se stryd op pad na die ewige heerlikheid, wat juis is wat Openbaring ook beskryf. Maar, tydens one bestudering van Numeri, is ons telkens gekonfronteer met o.a. Moses as leier van die volk en Aäron as hoëpriester. Ons het telkens gesien dat hulle Ou Testamentiese skadu's was van Jesus wat sou kom. Die boek Hebreërs leer ons juis meer hieroor, en daarom het ek gedink dat dit sinvol sal wees om na Numeri na hierdie boek te kyk.

Verder is dit so dat Hebreërs, soos Romeine, baie klem plaas op leerstellige waarhede. Dit beteken dat hierdie boeke essensieel is om die boodskap van die Bybel te verstaan.

Soos wat ek oor Hebreërs begin lees het, het dit ook al hoe duideliker geword hoe relevant hierdie boek is vir die tyd waarin ons leef. Ek wil vandag slegs stilstaan by 'n inleiding en 'n tipe van 'n geheel oorsig oor die boek, waaruit ek hoop dit duidelik sal word hoe relevant hierdie boek vir ons is. Ek hoop daarmee saam dat dit jou opgewonde sal maak om jou dieper in hierdie besondere boek in te graawe.

### Inleidende opmerkings

Daar is 'n paar aspekte van die boek waarvan ons kennis moet neem:

- Hierdie boek was aanvanklik 'n omstrede boek. Daar was baie debat in die vroeë geskiedenis voordat dit aanvaar was as deel van die kanon. Veral in die Westerse kerk het heelwat tyd verloop voordat dit aanvaar is as deel van die kanon. Maar wat ook waar is, is dat dit juis die ryk inhoud van die boek was wat op die ou end die deurslag gegee het dat dit wel as deel van die kanon ingesluit moet word.
- Dit is die enigste boek in die Nuwe Testament waarvan ons nie seker is wie die skrywer is nie. Natuurlik is dit die Heilige Gees wat die boek laat opskryf het, maar dit is nie seker deur watter mens die boek geskryf is nie. Verskeie persone is al voorgestel: Daar is baie wat oortuig is die brief is ook deur Paulus geskryf. AW Pink is 'n voorbeeld van so iemand, en in sy kommentaar verdedig hy sy oortuiging hieroor. Maar daar is ook sterk argumente teen Paulus as skrywer, bv: Daardie tipiese aanhef van Paulus se briewe “Van Paulus, aan die gemeente in ....” ontbreek in hierdie brief. Verder is die styl en taalgebruik heelwat anders as in die ander briewe van Paulus. En boonop beskryf Paulus nêrens in sy ander briewe Jesus as die ware Hoëpriester nie, terwyl dit 'n groot beklemtoning van die boek Hebreërs is. Ander persone wat al voorgestel is as die skrywer, is Lukas, Apollos, Barnabas, Clement of selfs Priscilla. Ek moet erken dat ek nie 'n in diepte studie hieroor gemaak het nie, en is ook nie oortuig dat dit die belangrikste ding is om te doen nie. Ek skaar my by die siening dat die skrywer aan ons onbekend is, maar dat ons wel oortuig kan wees dit is deur die Heilige Gees geïnspireer.

### Aan wie is die brief gerig?

Nêrens in die boek word pertinent genoem aan wie die boek gerig is nie. Die feit dat die boek die naam "Hebreërs" het, suggereer dat dit gerig is aan Christen gelowiges van Joodse afkoms. Maar ons moet onthou dat die titel van Bybelboeke nie noodwendig deur die Heilige Gees geïnspireer is nie. Daar is egter heelwat detail in die boek wat vir ons 'n redelike goeie aanduiding gee van wie die geadresseerdes was en wat hulle omstandighede was:

- In Heb 1:1 lees ons dat God in die verlede baie keer en op baie maniere met "ons voorvaders" gepraat het deur die profete. Natuurlik weet ons dat God in die Ou Testament met die volk Israel gepraat het deur die profete. Dit beteken dus dat die brief gerig is aan gelowiges met 'n Joodse afkoms.
- In Heb 13:7 word die geadresseerdes opgeroep om te dink aan hulle voorgangers, en in Heb 13:24 moet hulle groete stuur aan hulle voorgangers en medegelowiges. Dit skep die indruk die geadresseerdes was 'n groep gelowiges wat deel uitgemaak het van 'n groter groep wat gelei is deur voorgangers. Dit lyk dus of dit gerig is aan 'n gedeelte van 'n gemeente.
- In Heb 5:12 is die skrywer teleurgesteld omdat hy verwag het dat die geadresseerdes alreeds self onderrig sou gee, maar het gevind hy moet hulle weer in die grondwaarhede onderrig. Dit blyk dus dat die geadresseerdes alreeds geruime tyd lank gelowiges moes wees. Heb 6:1 bevestig hierdie waarneming.
- Uit Heb 10:32-34 is dit ook duidelik dat hulle in die verlede na hulle bekering moeilike omstandighede beleef het, maar tog het hulle in die geloof bly staan.
- Heb 5:11-12 wys egter dat hulle intussen traag geword het in die geloof. Hulle het traag geword om te leer, en kan hoogstens met melk gevoed word. Uit Heb 10:35-36 blyk dit dat hulle die gevaar geloop het om hulle geloof prys te gee, en om nie te volhard nie.
- Pink beskryf in sy kommentaar dat hierdie gelowiges waarskynlik druk ervaar het van die Jode. Ons weet immers uit Handeling 7 hoe die Jode die Christene vervolg het (dink maar aan Saulus se vervolging van Christene voor sy bekering). Onthou, die geadresseerdes was van Joodse afkoms. Maar nou word hulle vervolg deur hulle eie volksgenote, en hulle word onder andere verban uit die tempel. Ons onderskat waarskynlik hoe ingrypend dit vir hulle was: die tempel was die fokus van hulle godsdiens voor hulle Christene geword het. Die feit dat hulle Christene geword het, beteken nie dat hulle alles wat in die Ou Testament staan, verwerp het nie. Immers is die Christelike geloof 'n voortbou van die Joodse geloof. Maar die Jode verban hulle uit die tempel, ons kan maar sê hulle word deur die Jode beskou as vyande van die tempel, van die priesterdiens en alles wat daarmee saamgaan. Dit alles maak hulle moedeloos, en wil hulle laat tou opgooi. Dit is juis in reaksie hierop dat die Herbreërskrywer die brief skryf om hulle die regte perspektief te gee binne hierdie druk wat hulle ervaar.

Opsommend: Die brief is gerig aan 'n groep gelowiges van Joodse afkoms. Hulle was deel van 'n groter groep, waarskynlik in 'n gemeente. Hulle is al geruime tyd gelowiges, en het in die verlede suksesvol staande gebly het in die geloof te midde van moeilike omstandighede. Maar dit blyk nou dat hulle besig is om fokus te verloor, en wonder of dit werklik die moeite werd is om soveel weerstand te ervaar van die Jode omdat hulle die Christelike geloof aangeneem het. Dit is hierdie situasie wat die skrywer aanspreek in die boek.

Wat is die Hebreërskrywer se antwoord op hierdie situasie?

Kom ons kyk nou oorsigtelik na hoe die skrywer onder leiding van die Heilige Gees hierdie situasie aanspreek:

- Die skrywer wys hulle pertinent op hulle kwynende geloofsverbintenisse en sy doel is om hulle skaam te maak hieroor. Lees Heb 5:11-6:3. Hy roep hulle op om hulle traagheid te laat staan en om hulle toe te lê daarop om meer leerstellige waarhede onder die knie te kry.
- Vervolgens wys hy hulle op die katastrofiese gevolge wat hulle kan verwag as hulle sou voortgaan op hulle huidige koers. Kyk na die volgende:
  - Heb 2:2-3 – Hulle kan God se regmatige straf verwag as hulle die saligheid wat God vir hulle bewerk sou verontagsaam
  - Heb 4:11 – Hulle moet hulle beywer om in God se rus in te gaan, want anders sal dit tot gevolg hê dat hulle sal omkom.
  - Heb 6:4-6 – Hy waarsku hulle dat as mense eenkeer deur God verlig is (wat wel van hulle waar is) en dan nogtans afvallig word, is dit onmoontlik om weer tot bekering te kom.
  - Heb 10:26-27 – Wanneer iemand opsetlik bly sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer vir sy sondes nie, en kan hy alleen maar God se oordeel verwag.
  - Heb 12:25 – As hulle nie ag slaan op God se woord nie, kan hulle alleen maar verwag om om te kom.
- Dan gaan die skrywer voort om hulle op te roep. Hy roep hulle op om twee dinge te doen:
  - Elkeen van hulle moet self in die geloof volhard
    - Heb 2:1 – elkeen moet kragtig vasgryp aan wat hy gehoor het
    - Heb 12:1-2 – elkeen moet sy las en sonde afgooi, en die wedloop met volharding hardloop, met die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof)
  - Hulle moet ook na mekaar omsien sodat hulle almal in die geloof volhard
    - Heb 3:13 – hulle moet mekaar aanspoor sodat niemand deur die misleiding van die sonde verhard word nie
    - Heb 4:1 – hulle moet na mekaar omsien sodat nie een van hulle agterbly en nie in God se rus ingaan nie
    - Heb 10:24-25 – hulle moet mekaar aanspoor tot liefde en goeie dade, en om die samekomste van die gemeente by te woon)
- En dan die groot argument van die skrywer: Hy lig herhaaldelik Jesus uit. Hy onderstreep wie Jesus is, en wat Sy werk is: Sy werk in die verlede, die hede en die toekoms. Sy doel hiermee is dat hy hulle wil oortuig die Christelike geloof is baie beter as die Joodse geloof, en daarom is dit by verre die moeite werd om in die Christelike geloof staande te bly, al beleef hulle soveel druk van die Jode. Hy wil hulle opnuut in verwondering laat staan oor Jesus en Sy werk sodat hulle sal volhard in hulle geloof in Hom. Ons gaan nie nou in detail hierby stilstaan nie, maar kan ek oorsigtelik die volgende uitwys:
  - Die skrywer lig Jesus se verheewendheid uit:
    - Heb 1:1-3 – Jesus is verhewe bo die profete
    - Heb 1:4 (en verder) – Jesus is verhewe bo die engele
    - Heb 3:2-3 – Jesus is verhewe bo Moses
    - Heb 4:8-10 – Jesus is verhewe bo Josua en bewerk ‘n beter rus
    - Heb 5:4-5 en 10 – Jesus is as Hoëpriester verhewe bo Aäron
    - Heb 8:6 – Jesus is Middelaar van ‘n beter verbond, die nuwe verbond
  - Die skrywer onderstreep herhaaldelik dat die Christelike geloof beter is as die Joodse geloof. Kyk net hoeveel keer gebruik hy die woord “beter”:
    - Heb 7:19 – die wet kon nie volmaaktheid bewerk nie, maar nou is daar ‘n beter hoop waardeur gelowiges tot God nader

- Heb 7:22 – Jesus het borg geword van ‘n beter verbond
- Heb 8:6 – Jesus het ‘n voortrefliker priesterdiens deurdat Hy Middelaar is van ‘n beter verbond gegrond op uitnemender beloftes
- Heb 9:23 – Jesus het ‘n beter offer gebring as al die Joodse offers
- Heb 10:34 – die gelowiges het nie aan hulle besittings vasgeklou nie, omdat hulle oortuig was hulle het ‘n beter en blywende besitting
- Heb 11:16 – gelowiges het die verwagting van ‘n beter vaderland as wat in die Ou Testament gerealiseer het
- Heb 11:35 – Gelowiges wat gesterf het vir hulle geloof het dit gedoen omdat hulle die opstanding tot ‘n beter lewe verwag het
- Heb 11:40 – God beoog vir ons nog iets beter as wat die Ou Testamentiese gelowiges ontvang het
- Nog ‘n manier waarop die skrywer die gelowiges wil bemoedig is om hulle te herinner aan hoe “groot” die inhoud van hulle geloof is:
  - Heb 2:3 – hulle kan ‘n groot saligheid verwag
  - Heb 4:14 – gelowiges het ‘n groot Hoëpriester wat alreeds vir hulle deur die hemele gegaan het
  - Heb 9:11 – Christus dien as Hoëpriester in ‘n groter en volmaakter verbondstent wat nie deur hande gemaak is nie
  - Heb 10:35 – Gelowiges se geloofsvertroue hou groot beloning in
  - Heb 12:1 – Gelowiges het ‘n groot skare geloofsgetuies wat hulle aanmoedig
  - Heb 13:20 – Jesus is die groot Herder van die kudde
- Verder moedig die skrywer sy lesers aan deurdat hy hulle herinner daaraan dat as hulle getrou bly is daar dinge waarvan hulle absoluut seker kan wees:
  - Heb 6:18-20 – Hulle kan seker wees dat God Sy woord gestand sal doen, en daarom kan hulle vashou aan die hoop wat Hy aan hulle belooft het.
  - Heb 10:12-14 – Hulle kan seker wees dat Jesus se offer hulle volkome van sonde vrymaak
  - Heb 10:19-20 – Hulle kan verseker wees dat hulle met vrymoedigheid die heiligdom mag betree deur die bloed van Jesus
  - Heb 12:22 – Hulle kan verseker wees dat hulle deel sal wees van die hemelse Jerusalem

Kan ek die benadering van die skrywer probeer opsom: Hy maak hierdie gelowiges skaam oor hulle gebrek aan ywer om meer te leer van hulle geloof. Hy waarsku hulle dat as hulle voortgaan op hulle huidige pad loop hulle die gevaar om alleen maar God se oordeel te kan verwag. Hy roep hulle op om elkeen persoonlik in sy geloof te volhard, en hy roep hulle op om ook elkeen besorgd te wees oor sy medegelowiges sodat hulle ook almal sal volhard. Hy motiveer hulle deur vir hulle herhaaldelik te wys hoe verhewe Jesus is, en hoe heerlik Sy werk is: Jesus is die Middelaar van ‘n nuwe en beter verbond as die ou verbond waaraan die Jode vasklem. Hy is hulle groot Hoëpriester en as hulle aan Hom vashou, kan hulle ‘n groot beloning verwag. Trouens as hulle volhard in geloof in Hom, kan hulle seker wees hulle sal dit alles ontvang.

### Toepassing

Ek het aan die begin die opmerking gemaak dat die boek Hebreërs besonder relevant is vir die tyd waarin ons leef. Laat my toe om dit verder te verduidelik.

Die harde realiteit is dat die Christelike geloof in die Westerse wêreld aan die kwyn is. Al hoe meer mense verlaat die kerk. Lande wat groot en diep spore getrap het in die kerklike geskiedenis het alreeds tot 'n groot mate hulle rug op die Christelike godsdiens gedraai. In Suid Afrika is die proses ook besig om plaas te vind. Baie gemeentes het al verdwyn, of is aan die krimp. Baie van die mense wat nog agtergebly het en deel van die kerk is, ondervind druk. Daar is druk om ook maar deel te neem aan wêreldse praktyke. Daar is druk om byeenkomste van die gemeente te verwaarloos en nie so gereeld by te woon nie. Daar is druk om die inhoud van byeenkomste wat wel plaasvind aan te pas sodat dit meer aantreklik is vir mense om by te woon. Preke moet nie te lank wees nie. Preke moet nie te leerstellig wees nie. Preke moet maklik en prakties wees vir hierdie lewe. Preke moet nie te veel klem lê op die werklikheid van sonde of die toorn van die Here oor sonde nie. Preke moet eerder klem lê op God se goedheid en genade. Verder moet gemeentes allerlei aktiwiteite aanbied wat mense sal trek – sosiale byeenkomste, ligte en populêre musiek, en noem maar op.

Dit is soortgelyk aan die situasie wat die gelowiges aan wie die Hebreërskrywer geskryf het, beleef het. Hulle moes hulleself die vraag afvra of dit die moeite werd is om vas te hou aan hulle Christelike geloof siende dat dit hulle ongewild gemaak het by hulle volksgenote. Netso beleef gelowiges wat ernstig is oor hulle geloof vandag ook ongewildheid by hulle volksgenote of familie. Dikwels beleef hulle selfs ongewildheid binne die kerk – hulle word beskuldig daarvan dat hulle te heilig wil wees. Immers is almal binne die kerk mos uit genade gered, en nie deur werke nie – so word dikwels geredeneer.

Maar die Hebreërskrywer, onder leiding van die Heilige Gees, het 'n heeltemal ander antwoord op hierdie situasie as wat die tipiese antwoord in ons tyd is. In plaas daarvan om weg te beweeg van soliede leerstellige lering, in plaas daarvan om toe te gee aan die druk om meer oppervlakkig te word, lê hy juis klem daarop dat die gelowiges hulle moet inspan om te groei in hulle insig en kennis van hulle geloof. Hy beklemtoon juis die feit dat sonder volharding in die geloof mense alleen maar die verwagting van God se oordeel het. Hy beklemtoon juis die feit dat Jesus wat ver verhewe is bo enige mens of engel, die ware Hoëpriester is wat Middelaar is van 'n beter verbond en diens doen in 'n groter en volmaakter verbondstent wat nie deur mensehande opgerig is nie. Hy wil hierdeur die gelowiges opnuut onder die indruk bring van hoe groot die saligheid is wat die verhewe Jesus vir hulle bewerk het en dat dit vir hulle sal uitloop op die ewige rus, wat ver beter is as die rus wat die volk destyds in die beloofde land geniet het.

Sien jy die punt? I.p.v. om vlakker te gaan om mense te akkomodeer wat wonder of dit die moeite werd is om te volhard in die geloof, gaan hy dieper en wys vir hulle hoe bevoorreg hulle is om te deel in hierdie saligheid. Hy is oortuig dat as hulle opnuut begryp hoe verhewe hulle Verlosser is, hoe volmaak Sy verlossing is, hoe heerlik die hoop is wat Hy vir hulle bewerk het, sal hulle hulle inspan om te volhard tot die einde toe. Ek is oortuig dit is ook wat ons in ons tyd nodig het: opgewonde, diepgaande prediking wat voortdurend herinner aan die wonder van Jesus se werk soos wat dit in die Ou Testament voorspel is, soos wat dit in die Evangelies gerealiseer het, en soos wat dit in die res van die Nuwe Testament uitgewerk word en soos wat dit met die wederkoms van Jesus sy volheid sal bereik.

Ek kan maar net bid en vertrou dat ons bestudering van die Hebreërboek 'n geringe bydrae hiertoe sal maak.